# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 9:00

### *Onstuitbaar word die Evangelie met Goddelike mag en krag uitgedra*

**Skriflesing:** Handelinge 19
**Teksvers:** Hand 19:20

**Sing**:
Ps 147:1,7
Sb 9-3:1,2
Ps 84:2
Sb 14-1:1,3
Ps 40:2,4
Sb 13-3

**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Projektor**: Nicolai vd Merwe
**Klank**: Charl vd Bergh
**Prediker**: Ds Paul vd Berg

Die stad Efese was destyds bekend as 'n bymekaar-kom-plek vir almal wat hulle opgehou het met allerlei toorkunste. Groot bygelowigheid het in daardie tyd meegebring dat mense gedink het dat allerhande towerspreuke 'n mens se huwelik en lewe gelukkig sou maak. Die bygelowige toorpraktyke was ook onder die gelowiges 'n realiteit. Hulle moes leer dat die Here die praktyke van toorkuns in sy Woord verbied.

Hierdie behoefte aan stabiliteit en sekerheid bestaan vandag nog by mense. Dit bring mee dat mense vandag nog op die verkeerde plekke na sekerheid soek. Die duiwel sal enige iets probeer om mense in sy mag te kry. Hier bevestig die Here dat sy mag en krag groter is as die van die bose. Vandag nog word die evangelie wêreldwyd onstuitbaar uitgedra. By Jesus Christus is die enigste ware en blywende sekerheid.

## SONDAGAAND 18:00

### *Aan watter stad behoort jy eintlik?*

**Skriflesing:** Gen 4; Ps 127, Heb 12:24 en 11:4; Heb 11:16; 13:14; Openb 3:12
**Teksvers:** Gen 4:26

**Sing:**
Ps 150:1;2,3
Sb 14-1:3
Ps 84:2
Ps 122:1
Sb 18-7:1,3,11,12
Sb 13-3

**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Projektor**: Nicolene Wattel
**Klank**: Hein Kaiser
**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Die wêreld bestaan eintlik net uit twee kante: Geloof en ongeloof. Daar is eintlik ook nie plek vir iets tussen-in nie. Dis warm óf koud. As jy lou is sal jy deur Christus uitgespoeg word (Op 3).

Sommer hier in die begin van die mens se geskiedenis sien ons hierdie twee lyne… en dan loop hulle al verder en verder uit mekaar! Laat ons dus glad nie verbaas wees dat die kerk deur die wêreld gehaat word nie. Laat ons egter bou aan die regte stad van God… die ware Jerusalem.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 43 Nr 13 6 Mei 2018**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


# Verleentheid of geleentheid?

Dit is opvallend dat daar baie keer twee tipe reaksies is op uitdagings of krisisse in mense se lewens. Aan die een kant is daar mense wat die krisis, die probleem en die gevaar raaksien. Aan die ander kant is daar mense wat elke uitdaging as 'n geleentheid sien. Wat is dit wat maak dat sekere mense eerder positief as negatief op die lewe met sy uitdagings reageer? Een ding kan ons vir mekaar egter sê en dit is dat die Here in sy Woord aan ons die genade leer om eerder positief as negatief te wees. Ons word geleer dat die wat in Jesus Christus glo, nuwe mense is en dat die oue verby gegaan het. Ons word geleer dat die Heilige Gees as Trooster altyd met ons is. Ons leer dat die Here alles ten goede laat meewerk vir die wat in Jesus Christus glo.

Vandag is die eerste keer dat die Gereformeerde Kerk Queenstown by ons eredienste begin inskakel met 'n direkte uitsending vanuit ons gemeente tot by hulle gemeente. Die gelowiges in die Gereformeerde Kerk Queenstown het onder leiding van die Heilige Gees 'n *verleentheid* omskep in 'n wonderlike *geleentheid*. In plaas daarvan om moedeloos te word, negatief te word, het hulle die leiding ontvang om na alternatiewe te begin soek. Deur hulle inisiatief het hierdie gelowiges die deur oopgemaak vir toekomstige bediening vanuit die Gereformeerde Kerk Centurion wat vra om verder ontgin te word.

Mag dit wees dat jy wat aan Jesus Christus behoort ook in al die uitdagende dinge in jou persoonlike lewe, in ons omgewing en land nie radeloos of verleë sal staan nie.

Ons bely immers dat ons tot alles in staat is deur Jesus Christus wat ons krag gee.

Kom laat ons 'n verskil maak deur eerder die geleenthede om Christus te verkondig raak te sien, as al die slegte en verkeerde dinge rondom ons.

Ds Paul

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*


Telefoon: 012 664 2614 Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004 Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za** 0140

Ds Maarten van Helden: 012 664 1384/ 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055


***Lidmate se kontakbesonderhede***: Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: **admin@gkcenturion.co.za**

**DIENSBEURTE**: Ouderlinge: Wim Prinsloo Alethea : Ricus Coetzee

Diaken: Lourette vd Berg

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za**

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

**KATKISASIE**: Vandag: Les 10; Ps 100:1

Volgende week: Les 11; Ps 100:1

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr)**: Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 417

Die Diakonie ondersoek die moontlikheid om 'n bussie Sondagoggende beskikbaar te maak om bejaardes, wat nie self by die Kerk kan kom nie, op te laai vir die oggenddiens.

Die bussie sal ook na die diens weer almal aflaai.

Kan almal wat belangstel in die beplande diens en wat glad nie self vervoer het nie, kontak asb:

Anton Smith 082 8563 704/anton@egather.co.za

Lisje Kuperus 083 4811 160/kuperus@worldonline.co.za



## Senior Aksie

Die Senior Aksie vergader weer Maandag **7 Mei 2018** in die kerksaal om 10:00.

Ds Maarten gaan ons besighou met **Bybelvasvra**, blokraai en saamspeel. Dit beloof om baie interessant te wees. Die pretdeel sal ook daar wees.

Alle lidmate bo 65 word uitgenooi om by ons aan te sluit. Ons vergader gewoonlik die eerste Maandag van elke maand, vakansietye uitgesluit, van 10:00 af. Ons jaargeld beloop R80 per persoon per jaar.

Die program vir die res van die jaar is:

| | |
|---|---|
| **4 Junie 2018** | Sop en sjerrie |
| **6 Augustus 2018** | Hoe word mens mooi oud. Trudie Steyn |
| **3 September 2018** | Mans bak pannekoek en dames bak kolwyntjies. Kom menere dat ons die dames kan wys hoe word dit gedoen. |
| **23 November 2018** | Jaar afsluiting. |

Nuwe lede hoef net op te daag by 'n byeenkoms.

Sien julle daar!!

## Skoolverlaterskamp 2018

8 -13 Julie

te Nooitgedacht Kampterrein

(Dit is 'n NWU kampterrein in die koepel langs die Vaalrivier)

Kostes R800 p.p. (Alle etes word voorsien).

Die doel van die Skoolverlaterskamp is om skoolkinders vanaf gr. 10 tot 12 te bedien met die Woord, saam bande te bou as mede-gelowiges, en om saam God te loof. Die kamp bestaan uit verskeie pret en leersame elemente bv. Bybelstudie, lofprysing asook prettige groep-aktiwiteite en genoegsame aftyd om die heerlike koepel-omgewing te geniet. Hierdie kamp is 'n besondere tyd vir stil word voor die Here in sy skepping en voor sy Woord, dit is ook 'n tyd vir bande bou met jou mede-gelowiges en om studente te ontmoet wat die Here ken en dien en by hulle te leer.

Hierdie kamp het in my lewe (Peet vd Westhuizen) 'n besondere impak gehad as Skoolverlater, die feit dat ek nou nog betrokke is na 8 jaar behoort iets daarvan te sê. Verder het ek gesien wat hierdie kamp vir soveel ander studente en skoolverlaters beteken het en daarom kan ek nie anders as om opgewonde te raak oor hierdie geleentheid om dit met julle te deel nie. God roep ons as gelowiges om naby aan Hom te wees en om met ander in verhouding te leef en hom saam met hulle te dien. Hier is jou geleentheid, ek hoop ek sien jou daar.

Vir enige verdere inligting, kontak my gerus: Peet van der Westhuizen – 078 580 4945

### EK IS

EK is vir jou 'n put, bodemloos met geduld
EK is vir jou 'n spruit, bruisend met hoop
EK is vir jou 'n rivier, vloeiend met genade
EK is vir jou 'n oseaan, groot met liefde

EK is vir jou die wind, strelend oor jou siel
EK is vir jou die son, warm in jou hart
EK is vir jou die reën, sag op jou gees
EK is vir jou die maan, hangend oor jou lewe

Wees jy vir My 'n kind van geloof
Wees jy vir My 'n arm van vrede
Wees jy vir My 'n woord van vergifnis
Wees jy vir My 'n hand van gebed

Wees jy vir My 'n aanbidder, EK is vir jou 'n GOD
Wees jy vir My 'n navolger, EK is vir jou 'n HERDER
Wees jy vir My 'n leerder. EK is vir jou 'n MEESTER
Wees jy vir My 'n dienskneg, EK is vir jou HEER

### *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand, **9 Mei**, om 19:00 'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om dit by te woon.



## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6*

- ◊ *Basie Butner is opgeneem in Midstream (A8—079 522 8943).*
- ◊ Jeske vd Walt sterk tuis aan na 'n besoek aan die hospitaal (A12—074 612 0066).
- ◊ Van van Wyk sterk aan in Unitas Hospitaal met 'n longinfeksie (A13—662 1411).
- ◊ Johan Coetser is in Groenkloof hospitaal vir behandeling ( B15—654 6210).
- ◊ Mariné du Plessis sterk aan in 1 Mil hospitaal na 'n armspier operasie (A14—654 1437).

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Vergaderings/Aksies*

- •7 Mei—Kleingroep kommissie 19:00
- •9 Mei—Nuwe Intrekkers 19:00
- •10 Mei—Hemelvaartdiens 19:00

**KOLLEKTES**

**Vandag** tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Emeritaatsversorging

*Kollektes sal nog steeds in banke/ deure opgeneem word vir diegene wat nie Zapper gebruik nie*

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Ekum buiteland

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie**

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.

Daar is geen versorgings fasiliteite nie—Bepalings geld vir 80-plussers

**Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :**

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die rigprys is R450 000. Die eenheid word opgegradeer en is beskikbaar vir okkupasie 1 Jun 2018. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Lena Malan (op terrein) 083 457 7294 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 7 Mei 2018**

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (012664-0685) centurionflorist@ discoverymail.co.za.

**Hoop & Help Life Coaching en Pastorale Berading**, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, trauma, verhoudings, besighede, studente en leerlinge almal welkom.

**Kombuise– en Gasinstallasies**- Ons is gekwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as gesertifiseerde LP GAS installeerders; ons spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en installering van nuwe kombuise sowel as restourasie dmv verf tegnieke. W van der Walt 0823086238; werner@bwinteriors.co.za of Meryke Deetlefs 084 444 5443; meryke @mery-d.co.za.

Emma Kumalu **soek werk** vir Vrydae van 07:00 tot 15:00 @ R180– R200 per dag Hannelie Grobler 0765659827.

Regina Khosa **soek werk** vir elke dag van die week van 07:00 tot 15:00 @ R180– R200pd Hannelie Grobler 0765659827

## GK Centurion

Nooi alle **tieners** om saam te

kom **Bring en Braai**

Vrydag 11 Mei 2018

Kontak Albertus vir meer inligting

072628 6143



## *VERJAARSDAE*

***"...U sorg vir my." Ps 16:5***

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6 Mei | Vincent | de Jager | C05 | 082 582 2600 |
| | Marieta | Henning | A10 | 664 4170 |
| 7 Mei | Cornè | du Plessis | A14 | 654 1437 |
| | Pieter | Momberg | B05 | 082 903 8139 |
| | Tianca | Peens | C12 | 083 449 4201 |
| | Didrich | Terblanché | B11 | 012 665 1700 |
| 8 Mei | Maricka | Fourie | B11 | 082 494 8704 |
| | Magdaleen | Snyman | C06 | 667 4003 |
| 9 Mei | Gerhard | Laubscher | A03 | 662 2373 |
| | Nic | Opperman | C11 | 663 3693 |
| 10 Mei | Elsa | Briel | B07 | 644 1546 |
| | Marique | le Roux | C09 | 079 890 7457 |
| | Isabella | Pretorius | B12 | 654 1265 |
| | Wico | Prinsloo | C13 | 082 570 2036 |
| | Susan | vd Walt | B04 | 082 372 2434 |
| | Yolande | Venter | A03 | 072 844 5325 |
| | Johann | Verreynne | C11 | 663 3727 |
| 11 Mei | Evert | v Seventer | B16 | 071 609 7654 |
| 12 Mei | Callie | Smit | C15 | 942 1144 |
| | Walter | Vercuiel | E01 | 653 0525 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6 Mei | Janru | le Roux | B13 | 081 484 3454 |
| | Luhan | le Roux | B13 | 081 484 3454 |
| 7 Mei | Antonique | Buys | B09 | 660 1483 |
| | Rhode | Buys | B09 | 660 1483 |
| 8 Mei | Elmi | vd Dussen | B17 | 660 2459 |
| | Janu | v Schalkwyk | B14 | 072 436 4763 |
| 9 Mei | Imke | de Beer | C10 | 643 0694 |
| | Cherize | de Jonge | A14 | 082 477 2126 |
| | Imke | Silvis | A05 | 082 972 4486 |
| | Esmarie | vd Merwe | B20 | 061 354 1795 |
| 10 Mei | Pieter-Steph | Klopper | C12 | 084 890 0872 |
| | Adriana | Maree | C02 | 073 254 9266 |
| 12 Mei | Joshua | vd Walt | A12 | 083 292 9002 |

**TEESKINKBEURTE**

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**6 Mei**

A01 Elize van der Berg
A02 Esther Hoffman
A03 Magda van der Schyff

**13 Mei**

A04 Laurette Snyman
A05 Magda Pelser
C04 Leandre Struwig

## Bybelskool van GK Centurion 2018

bied aan

**Beelde- en Simboliese taal in die Bybel**

Aanbieder: **Ds. Paul van den Berg**

Die Heilige Gees het die skrywers van die Bybel geïnspireer om die Bybel te skryf in verskeie style. Ons gaan kyk na die volgende:

Apokaliptiese en Allegoriese stof
Vergelykings en Gelykenisse
te GK Centurion Kerksaal
elke Dinsdagaand 19:00 – 20:30

**Almal welkom**

**Koste R100 per persoon**